

17 November

**Skrifgedeelte: Daniël 11:21-45**

**Fokusgedeelte: Daniël 11:36**

### **Die toekoms (2)**

Is daar dan nie invloedryke staatsmanne wat orde op sake kan bring as 'n veragtelike leier die hele wêreld omkrap nie? Hoe dikwels word dié versugting nie uitgespreek nie!

Alles is egter by God bekend en onder sy beheer! Let op vers 27: "...hulle einde is klaar bepaal"; vers 36: "...wat besluit is, sal gebeur"; vers 45: "...niemand sal hom kan help nie..." as die slegte heerser plotseling aan sy einde kom nie.

Die geskiedenis van Daniël 11 en 12 is gelaai met die erns van die eindtyd. Met duidelikheid kan ons sekere afleidings maak: (1) Die oordeel van God volg op die verskriklike optrede van die Antrichris. (2) Voordat God die wêreld oordeel, maak Hy eers sy eie huis skoon (kyk ook 1 Pet 4:17). (3) Selfs slegte heersers staan met hulle optrede in diens van die God wat skeiding tussen geloof en ongeloof maak.

Skeiding tussen geloof en ongeloof gaan dus gepaard met uiterste beproewings. Nogtans is God se kinders vas in sy hande. So was dit en so sal dit weer wees. Vers 33-35 gee 'n skrikwekkende prentjie. Volgens Matt 24:21 sal dit onder die Antichris nog erger word as destyds, maar dan verseker Jesus: "maar ter wille van die uitverkorenes sal God daardie tyd inkort" (vers 32). Dis wonderlike genade.

*Sing: Skrifberyming 43:1,5*

*Ds DHP Wijnbeek (Steynsburg)*